# GRAAD 11-12 EAT

# VISUELE TEKSTE: ADVERTENSIES & SPOTPRENTE

DEUR JOLINE DE KLERK (CURRO DURBANVILLE)

**VRAAG 1: ADVERTENSIE**

Bestudeer die onderstaande advertensie uit *Beeld se Facebookbladsy op 25 Julie 2022* en beantwoord die vrae wat volg.




(Bron: https://www.facebook.com/beeldaanlyn/photos/a.395778816432/10158615999961433/?type=3)

1.1 Hoe trek die advertensie jou aandag? Noem twee tegnieke. (2)

1.2 Haal EEN woord uit **paragraaf A** aan wat daarop dui dat die kompetisie op jou rekenaar, tablet of selfoon geskryf gaan word. (1)

1.3 Haal EEN woord uit **paragraaf B** aan wat daarop dui dat jy die kompetisie **by jou huis** moet skryf. (1)

1.4 Op watter manier oorreed die advertensie jou om vir die kompetisie in te skryf? (1)

1.5 Waarom sal skole hulle top wiskundestudente vir hierdie kompetisie wil inskryf? (1)

1.6 Kan jou sussie in graad 8 ook vir die kompetisie inskryf? Motiveer jou antwoord. (1)

1.7 Wat moet ’n mens doen om meer inligting omtrent die kompetisie te kry? (1)

1.8 Noem een Afrikaanse koerant wat by die kompetisie betrokke is. (1)

1.9 Noem twee borge wat by die kompetisie betrokke is. (2)

1.10 Sal jy aan ’n wiskundekompetisie wil deelneem? Motiveer jou antwoord met ’n goeie rede. (1)
**[12]**

## VRAAG 2: SPOTPRENT

Bestudeer die onderstaande spotprent uit *Die Burger* en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *Die Burger*, 7 Oktober 2023]

2.1 Watter tyd van die dag is dit in die spotprent? Verduidelik jou antwoord. (2)

2.2 Waarom sal die man moet kies tussen eiers koop of diesel koop? (1)

2.3 Wat noem ons die kledingstuk wat die vrou oor haar klere dra om te keer dat sy op haar klere mors? (1)

2.4 Watter visuele leidraad dui daarop dat die man se koffie nog warm is? (1)

2.5 Uit watter vertrek het die vrou pas gestap? Verduidelik jou antwoord. (2)

2.6 Kyk na die kat se gesigsuitdrukking. Hoe weet ons dat die kat nie ook bekommerd is soos die man en vrou nie? (1)

2.7 *Die Burger* lê op die grond. Watter tipe publikasie is *Die Burger*? (1)

2.8 Vul die ontbrekende woord in.
Die man is besig om die (...) van sy skoen vas te maak. (1)
**[10]**

*Visuele tekste: Advertensies & Spotprente – Graad 11-12 EAT, Joline de Klerk (bl. 41)*

**Vraag 1**

1.1 Enige TWEE:
Die woorde wat groot gedruk is / die prentjies / die kleur / die verskillende lettertipes / die prysgeld wat jy kan wen. (2)

1.2 "aanlyn" / "aanlyn-wiskundekompetisie" (1)

1.3 "tuis" (1)

1.4 Jy kan geld wen. (1)

1.5 Die skool kan ook geld wen indien hulle leerders presteer. (1)

1.6 Nee, dis slegs vir leerders in gr.6-7 en 10-12. (1)

1.7 Jy moet 'n e-pos aan hulle stuur. (1)

1.8 Die Burger/ Beeld / Volksblad (1)

1.9 Enige TWEE: Die Burger, Beeld, Netwerk 24, Volksblad, Cum Laude media, Know Brainer Academy (2)

1.10 Leerderrespons. (1)

**[12]**

**Vraag 2**

2.1 Dis oggend, want die vrou is besig om ontbyt te maak. (1)

2.2 Eiers en diesel is albei baie duur. (1)

2.3 voorskoot (1)

2.4 Daar is stoom wat by sy koffiebeker uitkom. (1)

2.5 Die kombuis. Sy is besig om ontbyt te maak. / Sy het 'n eierspaan in haar hand. / In die agtergrond kan 'n mens potte, panne, 'n ketel en 'n yskas sien. / Sy het 'n voorskoot aan. (2)

2.6 Die kat glimlag. (1)

2.7 'n Koerant (1)

2.8 veters (1)

**[10]**